RENTMEESTERSMAAND: GOD IS GOED

## WEEK 2. GOD GEE GELEENTHEDE

Markus 1:32-39

DIE LEWE IS VOL GELEENTHEDE.
Om te leer
Om te ervaar
Om te doen
Dit maak die lewe opwindend!

ONS MOET DIE BESTE DAARVAN MAAK
Efesiërs 5:16 *"Maak die beste gebruik van elke geleentheid." (Kol 4:5)*
*Carpe diem* – Gryp die dag! Sekere geleenthede kom net een keer en as dit verby is, is dit verby! 'n Geleentheid het nie hare of klere waaraan jy kan vasgryp as dit eers verby is nie!
Vorige Vertaling het gelees: *"Koop die tyd uit."* Die lewe snel verby. Ons tyd op aarde is beperk. Ps 90 *"ons jare skiet verby soos 'n gedagte*" en *"ons vlieg na ons einde toe"* (:9,10).
**Dit is juis ons probleem: Tyd** – ons almal kla ons het nie tyd nie. Dis seker die verskoning wat mens die meeste hoor en gebruik. Ek het onlangs nog vir iemand gesê dit voel my die week het een dag te min…

Ons het dus eintlik *te veel geleenthede* en *te min tyd* om van almal die beste te kan maak! So wat nou gemaak?

VRA NA DIE WIL VAN GOD
Ef 5:16, 17 *"Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd. Moet daarom nie onverstandig optree nie*, <u>maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen.</u>" Soos die psalmis van Ps 90 gebid het: *"Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom"* en Paulus vir die Filippense gebid het: *"Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom."* (1:9,10)
Een persoon hoef nie alles te doen nie. Een gemeente hoef ook nie alles te doen nie. Ons moet die geleenthede teenoor mekaar **opweeg**. Ons moet selekteer.
**Ons moet vra** watter van hulle is goddelike geleenthede? Watter is *vir my/ons* bedoel?
Die regte maatstaf is NIE: Watter geleenthede gaan die lekkerste wees/ meeste voordeel bring/ minste opofferings vra… want dit gaan nie om MY nie.
**God gee** aan ons die geleenthede om te leer, te ervaar en te doen **sodat ons** Hom en ons naaste kan dien: *"Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges.*" (Gal 6:10) *"Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."* (Matt 5:16) *"Vir sover julle dit aan een van die geringstes van hierdie broers van my gedoen het, het julle dit aan My gedoen."* (25:40)
Dit gaan om HOM. Daarom **begin goeie rentmeesterskap altyd** daar waar ek eers myself aan Hom gee, aan Hom *teruggee*. **Daarna is niks** wat Hy van my vra, te veel gevra nie! **HIERDIE geleentheid moet ons nie laat verbygaan nie!** Rom 12:1 *"En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God:*

*Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen."*
Dan sal ons geleenthede **anders beoordeel**. Geleenthede om te getuig, goed te doen, geestelik te groei, te help met die uitbreiding van God se koninkryk sal dan vir ons *belangriker* wees as om net ons eie begeertes te bevredig.
Wanneer 'n mens eers vir God JA gesê het, sal jy ook **beter weet** waarvoor om NEE te sê. Solank 'n mens jou *toespits* op die geleenthede wat God vir JOU gee, sal jy ook **genoeg tyd** hê om die beste gebruik daarvan te kan maak.

VOLG JESUS SE VOORBEELD
Jesus was in 'n sekere dorp waar Hy baie siekes genees en duiwels uitgedryf het. Die volgende oggend vroeg het Hy iewers eenkant gaan stiltetyd hou. Toe die dissipels Hom na 'n soektog opspoor, wou hulle hê Hy moes nog ander mense kom help. **Hy het egter nee gesê.** Vir die dissipels was dit seker vreemd. Hoe kon Jesus nee sê vir sulke wonderlike geleenthede om goed te doen? Was dit nie baie **selfsugtig** van Hom nie?
Nee, Jesus het geweet Hy kan nie alles vir almal wees nie. Hy was op 'n sending oppad Jerusalem toe. Hy kon nie toelaat dat ander dinge – selfs goeie dinge – Sy aandag aftrek en sy eintlike doel verydel nie. Daarom antwoord Hy hulle: "*Laat ons êrens anders heen gaan, na die nabygeleë dorpies toe, sodat Ek daar ook kan preek, want daarvoor het Ek gekom."* (Markus 1:38)

Nooma: Shells (DVD)

Jesus het nie toegelaat dat **groepsdruk, of sentimentele oorwegings, of mense se nood** sy doen en late bepaal nie. Hy kon nee sê, want Hy het ja gesê vir God. Hy het geweet waaroor die lewe gaan en wat **Sy roeping** is.

Het jy jouself volkome aan die Here en sy wil vir jou lewe **oorgegee? Erken jy ook** dat tyd en geleenthede goddelike gawes is? Dat ons daarom aan Hom **rekenskap** verskuldig is van hoedat ons dit gebruik? **Maak dan gereeld** - in jou stiltetye, saam met ander, hier in die erediens - **seker** wat die wil van God vir jou is:
*"May you drop your shells in the pursuit of a simple, disciplined, focused life in which you pursue the few things God has for you. And may you be like Jesus, able to say no, because you've already said yes."* (Rob Bell)

Amen.

1. Hoe voel jy oor die pas waarteen jy lewe?
2. Hoe voel jy daaroor om vir mense nee te sê?
3. Is daar mense of dinge in jou lewe wat skade ly omdat jy met so baie goeie dinge besig is?
4. Wat kan ons leer uit Jesus se voorbeeld in Markus 1:32-39?
5. Waaroor gaan jou lewe?
6. Wanneer raak 'n geleentheid 'n versoeking?

Lees en oordink hierdie week op jou eie of saam met ander (bv as huisgesin):*

SONDAG:
Markus 1:32-38
Filippense 1:9-11

MAANDAG:
Galasiërs 6:1-10
Hebr 13:16

DINSDAG:
Efesiërs 5:10-20

WOENSDAG:
Matteus 26:6-16
Handelinge 24:24,25
Lukas 19:41-44

DONDERDAG:
Matteus 9:36-38
Kolossense 4:2-6
Johannes 9:4

VRYDAG:
Matteus 5:16
Matteus 25:34-40
1 Timoteus 6:17-19

SATERDAG:
Psalm 84

*DINK/ GESELS HIEROOR:

1.In bogenoemde Skriflesings is daar voorbeelde van geleenthede wat *goed benut* is, *verspeel* is en *nog steeds* daar is.

2. Daar is oproepe om die geleenthede om goed te doen, te gebruik. Let op die *motivering* wat in elke geval gebruik word.

3. Wat kan ons leer uit *Jesus se voorbeeld* in Markus 1? (Sondag).

4. Dink jy jy is 'n *goeie rentmeester* van die geleenthede wat God vir jou gee? Wat wil jy dalk OPHOU doen, ANDERS doen of BEGIN doen?

5."Die meeste mense laat wonderlike geleenthede onbenut verbygaan, omdat dit dikwels 'n oorpak dra en soos werk lyk." – Thomas Edison.